lapa
UITGEWERS

Vir almal wat een of ander tyd hulle liedjie verloor het – WM

Vir Stephan en ons dogters wat altyd my inspirasie is – AB

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Wendy Maartens 2009
© Illustrasies: Alida Bothma 2009

Geset in 14pt op 18pt Helvetica
Omslagontwerp en grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur Craft Print, Singapoer

Eerste druk 2009

ISBN 978 0 7993 4529 2

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# Drie hoera's vir Denver!

Wendy Maartens Alida Bothma



LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za





Denver bêre sy musiekboek in 'n plastieksak. Sy sangjuffrou glimlag tevrede toe hy sy hand lig om totsiens te waai. Hy sê eerder niks, netnou haak sy tong weer vas en bederf 'n lekker middag.

Juffrou Lea sê Denver vorder so mooi dat hy een van die dae sy eerste eksamen kan sing.

Denver en juffrou Lea weet dat hy nie altyd gehakkel het nie. Voordat oom Jaap by hom en sy ma ingetrek het, het woorde soos gladde seepbelle oor sy lippe geglip.

Maar vandat oom Jaap in die spaarkamer bly, het Denver 'n bang kolletjie op sy maag en steek sy woorde kort-kort vas. Net soos hul agterdeur wat swel van die reën en nie wil toe nie.

Denver se ma is ’n kleremaakster. Sy sit heeldag in die stoepkamer oor haar naaimasjien gebuk. Sy maak klere en gordyne. Party aande slaap Denver al, dan woer-woer haar naaimasjien nog.

Denver weet dat sy ma ekstra hard werk om hom twee keer ’n week by juffrou Lea te laat sanglesse neem. Sy sê dat hy sy pa se mooi stem geërf het en eendag beroemd gaan word.

Denver was nog klein toe sy pa oorlede is. En al kan hy nie veel onthou nie, weet hy dat sy pa saans met slapenstyd vir hom gesing het.



Oom Jaap is sy ma se kêrel. Hy sê sodra hy genoeg geld met sy groentestalletjie gemaak het, gaan hulle twee trou. Dan lag sy ma net en sê die perde gaan nog eendag horings kry.


Oom Jaap sorg goed vir hulle. Hy kyk mooi na Denver se ma en koop altyd iets lekkers om huis toe te bring.

Party dae help hy Denver met sy huiswerk. Hy sorg ook dat daar altyd vars groente en vrugte in die kombuis is en neem hulle Sondae met sy bakkie kerk toe. Almal sê altyd hoe gelukkig sy ma is om so ’n goeie man te kry.

Dan voel Denver baie sleg, want dit voel vir hom asof hy die enigste een is wat anders dink.








Denver wens hy kon sy ma of juffrou Lea vertel wie oom Jaap regtig is wanneer hulle nie by is nie. Maar hy is te bang hulle glo hom nie. Netnou is hulle kwaad vir hom en sê dis alles sy skuld. Of dalk erger ... Sê nou hulle hou op om vir hom lief te wees en jaag hom weg as hy oom Jaap se geheim vertel?

Hy wil tog nie saam met die straatkinders onder die brug slaap nie. Hulle bedel by die motors en die grotes vat altyd die kleintjies se goed af. Elke keer as hy daaraan dink, besluit hy om eerder stil te bly.

Maar elke keer roep oom Jaap hom buitekamer toe. Daar moet hy help om die groente en vrugte in sakkies te pak. Soms sny oom Jaap die pampoene in groot stukke en moet Denver dit in kleefplastiek toedraai. Dan pak hulle alles in bokse sodat dit by die taxi-staanplek verkoop kan word.

Partykeer gesels hulle lekker en maak grappies. Maar as oom Jaap die dag stil is, raak Denver baie bang. Op sulke dae vat oom Jaap aan hom. Aan sy maag en boudjies en ook daar waar Mamma hom geleer het niemand anders mag vat nie.

As dit gebeur, slaan Denver se ore toe en kan hy sy hart in sy kop hoor **doef-doef-doef**. Oom Jaap hou eers op as Denver begin huil en gee hom dan ’n tweerandstuk. Hy sê dis ’n geheim. Denver moenie eens daaraan dink om iemand te vertel nie. Hy sal weet. Dan wys hy na die groot stapel pampoene in die hoek van die kamer en sê: “Selfs die pampoene het ore, pasop!”



Al wil Denver nie die tweerandstuk hê nie, neem hy dit. Hy wil nie hê oom Jaap moet kwaad raak of vir sy ma vertel dat hy ongeskik is nie.

Dan hardloop hy so vinnig as wat hy kan en gaan kruip agter die hoop kaggelhout en die pers trompettertjies weg. Dié blommetjies rank die hele tuin vol en maak 'n donker gordyn waaragter hy diep kan wegkruip.

Daar sit Denver tot die eerste sterre uitkom en sy ma hom vir aandete roep. En hy wonder of pampoene regtig ore kan hê en hy bid en bid dat Liewe Jesus hom tog nie moet straf nie, want hy is nie regtig 'n slegte kind nie.



Al wanneer Denver nie ’n kol op sy maag het nie, is wanneer hy by juffrou Lea is. Sy woon in ’n groot huis met drie katte en baie roosbome. Sy dra pienk lipstiffie en ruik baie lekker.

Op haar klavier staan altyd ’n pot rose. Wanneer sy daarop speel, bewe die rose so liggies. Juffrou sê dis omdat hulle van musiek hou. Dan lag Denver tog te lekker vir die rose wat so rittel van lekkerkry.

Elke keer as hy by juffrou Lea sangles het, wonder Denver of hy nie vir haar van die geheim moet vertel nie. Maar elke keer is sy so mooi en ruik sy so lekker dat hy besluit om dit eerder nie te doen nie. ’n Mens kan nie sulke nare goed vertel vir iemand wat soos ’n engel lyk nie. Nie iemand wat rose kan laat rittel van lekkerkry nie. En buitendien weet hy nie so mooi of pampoene net dalkies ore kan kry nie.





Op ’n dag vra juffrou Lea: “Denver, hoe sal jy daarvan hou om ’n TV-ster te wees?”

Denver skrik so groot dat hy sommer sy musiekboek laat val.

Toe verduidelik juffrou Lea. Sy het in die koerant gelees dat daar na ’n seuntjie met ’n goeie stem gesoek word om die temalied van ’n TV-reeks te sing. Juffrou Lea het die nommer in die koerant gebel om meer uit te vind.

Al wat Denver moet doen, is om oor ’n maand by die TV-ateljee in die stad te gaan sing. As Denver gekies word, sal hy daarvoor betaal word.




Denver is baie opgewonde. Hy hardloop die hele ent pad huis toe om vir Mamma te gaan vertel. Toe hy by haar in die stoepkamer kom, is hy so uitasem dat hy amper nie kan praat nie.

"Gorreltjie Piet!" roep Mamma. "Verbeel jou, 'n TV-ster in ons huis. Dan sal ek seker vir jou 'meneer' moet begin sê!" En sy lag dat haar wange twee ronde bolletjies soos roompoffertjies maak.

Maar oom Jaap bederf alles toe hy Denver net voor ete buitekamer toe roep.

Daardie aand wil Denver nie eet nie. Die huil sit dik in sy keel. Dis net die singery wat maak dat hy nie huil toe Mamma met hom raas omdat hy nie wil eet nie.



Van toe af oefen Denver en juffrou Lea ekstra hard. Hy gaan twee liedjies sing. Een wat Juffrou gekies het en een wat hy self gekies het.

Die een wat hy gekies het, is die liedjie wat sy pa altyd met slaaptyd vir hom gesing het. Juffrou sê dié liedjie klink vir haar soos ’n wenner.

Mamma is so trots op Denver dat sy vir almal vertel dat hy miskien op TV gaan sing. Sy het ’n kalender in die stoepkamer opgehang en ’n groot kring om die vier en twintigste Maart getrek. Dit is die dag waarop Denver saam met juffrou Lea stad toe gaan om te sing. Elke aand wanneer Denver gaan nagsê, trek Mamma ’n strepie deur die datum op die kalender.



Die laaste keer wat hy saam met juffrou Lea aan die twee liedjies gaan oefen, stuur Mamma vir haar 'n voorskoot saam wat sy self gemaak het. Op die bors is 'n groot oranje roos met doudruppels op.

Juffrou Lea klap haar hande. Sy sit die voorskoot aan en strik die twee bande agter haar rug.

"Net die regte ding om te dra wanneer ek vanaand kerrie maak," sê sy en druk vir Denver styf vas.

Denver wonder of dit nie die regte tyd is om haar van die geheim te vertel nie, maar besluit weer om dit eerder te los. Hy wil nie nou moles maak nie. Sy ma en juffrou Lea is so opgewonde en sê nou net pampoene kan ore kry.



Maar toe juffrou Lea agter die klavier inskuif en Denver moet begin sing, vergeet hy kort-kort die woorde. Hy ken die liedjies so goed dat hy dit in sy slaap kan sing, maar dit help niks. Sodra hy sy mond oopmaak, is die woorde weg. Skoonveld.

"Toemaar," troos juffrou Lea. "Kom ons drink eers tee."

Hulle gaan sit elkeen met 'n beker tee op die bank voor die agterdeur en kyk na die roostuin. Juffrou Lea se gemmerkat kom klim op Denver se skoot. Sy kyk na hom met groot groen oë asof sy tot in sy binnekant kan sien. Toe begin sy saggies spin.

Denver kan nie help nie. Die huil klim by sy mond uit en maak sulke nare *skuurgeluide* in sy keel.

Juffrou Lea vat die beker by hom, sit dit op die skinkbord neer en hou hom styf vas. Hulle twee sit lank so. Toe die trane op sy wange begin taai raak, sê sy: "Jy kan my enigiets vertel, Denver."



Toe vertel Denver vir juffrou Lea van oom Jaap en die buitekamer en die pampoene met die ore. Hy vertel van sy wegkruipplek agter die pers trompettertjies en hoe skaam hy oor alles is. En dat sy ma hom seker nou sal wegjaag en dat hy dan nie meer in die stad kan gaan sing nie. En die heeltyd haak sy tong nes hul agterdeur vas.



Juffrou Lea luister geduldig totdat hy alles klaar vertel het.

Toe sê sy: “Dit is nie jou skuld nie, Denver. Oom Jaap is ’n grootmens en jy ’n kind. Hy behoort van beter te weet.”

Sy vat Denver badkamer toe sodat hy sy gesig kan was en sit ’n snesie in sy hempsak. Toe hurk sy by hom en kyk in sy oë.

“Mag ek maar vir Mamma hiervan vertel?” vra sy versigtig.

Denver knik stadig “ja”, maar hy wil sommer weer begin huil.

“Jy hoef nie bang te wees nie, Denver,” verduidelik juffrou Lea. “Sodra Mamma weet, gaan dinge verander. Dit belowe ek jou. Sy gaan vir ’n tyd lank hartseer wees, maar dit sal weer beter gaan. En jy hoef nie sleg te voel as sy hartseer is nie. Dit is nie jou skuld nie.”



Toe pluk sy vir hom 'n bloedrooi lekkerruikroos en staan by die tuinhekkie tot hy onder om die draai stap en haar nie meer kan sien nie.

Daardie aand net ná aandete is daar 'n klop aan die deur. Denver weet sommer dis juffrou Lea.

Ander kere sou hy hardloop om die deur te gaan oopmaak, maar vanaand glip hy by die agterdeur uit. En al het hy sy nagklere aan, kruip hy tussen die pers trompettertjies en die houthoop in.

Hy weet dat Mamma en juffrou Lea in die stoepkamer gesels, waar Mamma naaldwerk doen. Oom Jaap kom nooit daar nie en buitendien is hy besig om groente op sy bakkie te laai.

Dit voel vir Denver of hulle nooit gaan klaarkry nie.



Denver moes tussen die pers trompettertjies aan die slaap geraak het, want toe hy wakker word, is oom Jaap besig om tasse op sy bakkie te laai.


Mamma is so kwaad dat sy sommer die losgoed agter hom aan gooi. Oom Jaap moet net koes of sy gooi hom pimpel en pers. Hy mik nog om ’n boks te gryp, maar toe Mamma met die besem aangedraf kom, los hy dit net so, spring in die bakkie en jaag weg.

Mamma bly alleen in die pad staan. Sy lyk vir Denver so moeg en alleen dat hy agter die houthoop uitkruip en versigtig sy arms om haar sagte lyf gaan sit.

Saam stap hulle kombuis toe.

En toe Mamma begin huil, weet Denver dat dit nie sy skuld is nie.





Twee dae later staan Denver met blink gepoetste skoene vir juffrou Lea op die stoep en wag. Sy kom hom met haar blou Volksie haal om stad toe te gaan. Vandat Mamma en juffrou Lea van die geheim weet, onthou hy sy liedjies se woorde en het hy sommer opgehou hakkel ook.

Hulle stop op die parkeerterrein van ’n hoë gebou en neem die hyser na die tiende verdieping. Toe die hyser begin beweeg, maak Denver se maag soos wanneer hy by die skou op die mallemeule ry. Juffrou Lea sit haar hand op sy skouer toe sy sien hoe groot sy oë raak.

Die deure van die hyser gly oop. ’n Vriendelike vrou neem hulle na ’n toonbank en gee Denver ’n kaartjie met die nommer 91 op. Sy vra hulle om op ’n bank te gaan sit.

Daar is nog baie ander mense wat ook met nommers sit en wag. Denver voel trots om langs juffrou Lea met haar mooi pienk skoene en blomhandsak te sit. Hy draai sy nommer 91 om en om.

Eindelik is dit Denver se beurt. ’n Man met ’n poniestert en ’n bont hemp kom haal hom en neem hom na die kamer langsaan. Daar laat hy Denver op ’n hoë stoeltjie agter ’n mikrofoon sit. Hy stel aan ’n paar knoppies en knik vir Denver om te begin.

Eers sing Denver juffrou Lea se liedjie. Die man maak sy oë toe en draai sy kop effens skeef soos hy luister.

Denver het al klaar gesing toe sit die man nog met toe oë. Toe val hy maar weg met sy pa se slaaptydliedjie. Hy dink aan sy ma agter haar naaimasjien. Hoe sy strepies deur die datums op die kalender getrek het en sommer vir oom Jaap met die besem wou slaan. Hy sien hoe haar wange poffertjies maak wanneer sy lekker lag. En hy sing asof dit sy is wat daar met toe oë voor hom sit.

Toe Denver klaar is, maak die man sy oë stadig oop en knik op en af, op en af. Denver weet nie of dit ’n goeie of ’n slegte ding is nie. Toe help die man hom van die hoë stoeltjie af en neem hom terug na juffrou Lea toe. Hy gesels lank met haar en skryf haar telefoonnommer op ’n papier neer.





Op pad terug huis toe stop juffrou Lea by die see en koop vir hulle elkeen 'n draairoomys. Nadat hulle klaar geëet het, staan hulle in die vlak water en kyk hoe die branders wat terugtrek blink strepe agter hulle maak.

Denver wens die dag wil nooit verbygaan nie.





Die volgende oggend vroeg klop juffrou Lea met die koerant aan die deur. Denver en Mamma is nog in hulle nagklere. Juffrou Lea babbel eenstryk deur. Sy vertel dat die man wat na Denver geluister het, die vorige aand laat met goeie nuus gebel het.

In die koerant is ’n foto van Denver. Die joernalis het dit seker by die skool gekry. Onderaan staan geskryf: *Kaapse seun met die goue stem*. Juffrou Lea lees dat hy uit honderd seuns gekies is om die temalied van ’n storie op die televisie te sing. Denver se ore slaan toe. Sy hart begin **doef-doef** in sy ore klop. Maar hierdie keer is dit omdat daar goeie dinge met hom gebeur.

Hy kyk na Mamma. Sy gryp hom en juffrou Lea om die lyf en lag en huil en dans met hulle deur die stoepkamer. Juffrou Lea wil nog keer dat sy die koerant kreukel, maar gee moed op.

By die skool laat die hoof al die kinders in die saal bymekaarkom om die goeie nuus met hulle te deel. Hy roep Denver na die verhoog, skud sy hand en vertel hoe trots hulle op hom is. Toe roep almal:

**“Drie hoera’s vir Denver!**

**Hoera! Hoera! Hoera!”**

Daardie aand ná ete sit Denver en Mamma en juffrou Lea elkeen met 'n beker tee op die bank voor juffrou Lea se agterdeur. Haar gemmerkat sit weer op Denver se skoot, maar hierdie keer voel hy glad nie lus om te huil nie. In dieselfde koerant was 'n berig wat vertel het dat oom Jaap met nog kinders gelol het en tronk toe gaan. Denver is baie bly dat hy nooit weer vir oom Jaap hoef te sien nie.

"Wat gaan jy met die geld doen wat jy gaan verdien?" vra juffrou Lea.

Denver dink en dink en toe sê hy: "Ek gaan vir my ma 'n roostuin net soos Juffrou s'n laat plant."

Toe sit sy ma haar arm om hom en begin saggies sing. Dis sy pa se slaaptydliedjie. Denver kan sien hoe haar oë in die donker blink.

Eers sing Denver saam en toe juffrou Lea.

En terwyl hulle sing, kyk Denver op-op-op in die donker nag en weet dat sy pa luister en dat pampoene nooit ore sal kry nie.



# Wat elke kind moet weet

- Jy is kosbaar en verdien om met respek behandel te word.
- Dit is nie jou skuld as jy mishandel word nie. Dit maak ook nie van jou ’n slegte mens nie.
- Daar is wette wat jou beskerm, maar dan moet jy praat met iemand wat jy vertrou en vertel dat jy mishandel word.
- Dit is normaal om ongemaklik te voel as jy met iemand daaroor praat.
- Hoe langer jy stilbly oor wat met jou gebeur, hoe langer gaan die persoon aanhou om jou te mishandel.
- Jy mag vir ’n volwassene of ouer kind “nee” sê.
- Moenie lekkers of geskenke van vreemdelinge aanvaar nie. Vertel onmiddellik jou ouers of ’n betroubare volwassene daarvan.
- Moet nooit saam met ’n vreemdeling gaan nie. Selfs al sê die persoon jou ouers het hom gestuur.
- Gil en weghardloop is jou beste wapens.
- Selfs belangrike mense soos onderwysers, predikante, polisielede of iemand vir wie ons lief is, kan ons teleurstel en dinge doen wat teen die wet is. Hulle moet net soos enige ander oortreder gestraf word.
- Mishandeling beteken nie altyd dat iemand seergemaak word nie. As iemand iets aan jou doen wat jy weet verkeerd is of waarmee jy ongemaklik is, is dit ’n vorm van mishandeling en het jy die reg om op te tree.

**Belangrike telefoonnommers vir kinders:**

Childline 0800 055 555

Crime Stop 08600 10111

# Riglyne aan ouers en onderwysers
# Wat elke kind moet weet

Deur ’n kind genoegsaam in te lig, dra ons nie net tot sy veiligheid by nie, ons bemagtig hom ook met die nodige selfvertroue om reg op te tree in moeilike situasies.

- Maak seker dat julle genoeg tyd as gesin saam deurbring, byvoorbeeld deur een maaltyd per dag aan tafel te nuttig. (Sonder die televisie.) Dit help om die grondslag vir ’n gesonde vertrouensverhouding tussen gesinslede te lê.
- Lei die kind om sy eie oordeel te vertrou en dadelik te vertel as hy ongemaklik met ’n persoon of situasie voel.
- Leer die kind om tussen ’n goeie en slegte geheim te onderskei.
- Maak seker dat die kind sy telefoonnommer en adres ken.

## Wanneer ’n kind jou in sy vertroue neem, is dit belangrik om die volgende te onthou:

- Bly kalm en moenie negatief reageer nie. Jou reaksie is ’n bepalende faktor in die kind se hantering van die voorval.
- Sê uitdruklik aan die kind dat jy hom glo. Kinders jok selde oor mishandeling.
- Verduidelik dat jy met ander volwassenes daaroor sal moet praat om hom te help, maar dat dit nie sonder sy medewete sal wees nie.
- Verseker die kind dat sy veiligheid en die vertroulikheid van die voorval ook vir dié persone van belang is.
- Verkla die oortreder.
- Maak seker dat die kind weet die oortreder is verantwoordelik vir die straf wat hom opgelê mag word en nie die kind nie.
- Moenie huiwer om mediese hulp te kry nie.
- Sielkundige hulp sal verseker dat die kind die nodige objektiewe ondersteuning kry en dat die gesin by die genesingsproses betrek word.

## Moontlike tekens van seksuele misbruik:

- Skielike insinking in skoolprestasie.
- Verandering in gedragspatrone, byvoorbeeld: huil maklik, skielike afhanklikheid, skaamheid, buierigheid.
- Verandering in slaappatrone of toiletgewoontes. Maak skielik bed nat.
- Eetstoornisse
- Onttrek hom van ander.
- Vermy persone van wie hy voorheen gehou het, of andersom.
- Oordrewe belangstelling in geslagsdele.

## Die volgende organisasies kan landwyd gekontak word vir hulp:

Famsa, hoofkantoor (021) 447 0170
Family Life, hoofkantoor (011) 788 4784/5
Kindersorg, hoofkantoor (011) 492 2888

## Besoek die volgende webtuistes:

www.health24.com
www.childline.org.za